PERSVERKLARING – CATHERINE ROBSON KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM SOSIALE MEDIA VIDEO

MEI 2017 – VIR ONMIDDELLIKE VERSPREIDING

Begin

NG Welsyn Noordwes en Gauteng neem kennis van die anonieme video, waarin sekere ernstige aantygings gemaak word, wat sedert 2 Mei 2017 op verskeie sosiale mediaplatforms versprei word.

Die voorval is onmiddelik na die video aan die lig gekom het, deur ds Danie Krüger, bestuurder van die Catherine Robson Kinder- en Jeugsorgsentrum, by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangemeld vir 'n onafhanklike ondersoek insake die aangeleentheid. Die lede van die adviesraad van Catherine Robson Kinder- en Jeugsorgsentrum verwelkom die ondersoek en het onderneem om hulle volle samewerking en ondersteuning aan die Departement te gee. Die bestuur van die Kinder- en Jeugsorgsentrum sal na afloop van die volledige ondersoek op die aangewese optrede besluit.

In terme van Artikel 74 van die Kinderwet is dit egter in die kinders se eie belang dat hul identiteit nie op sosiale media publiseer word nie. NG Welsyn doen `n beroep op die publiek om asseblief nie die video verder op enige platforms te versprei nie. Die video word as uiters lasterlik beskou en NG Welsyn is in die

proses om regsadvies in te win. Persone wat op sosiale media lasterlike kommentaar lewer, kan hul moontlik aan regstappe blootstel.

Ds Nico van Rensburg, Besturende Direkteur van NG Welsyn, gee sy versekering dat die saak weens die erns van die aantygings die hoogste prioriteit geniet en bevestig NG Welsyn se toewyding tot hul reputasie van gehalte dienslewering.

Eindig

NG Welsyn

E-mail: info@ngwelsyn.co.za

Website: www.ngwelsyn.co.za | www.crchildren.co.za

VOORBEREI EN UITGESTUUR DEUR:

NG Welsyn Noordwes & Gauteng

Hoofkantoor

Peter Mokabalaan 104

Potchefstroom

2531

VIR VERDERE MEDIA INLIGTING , KONTAK ASB DIE SKAKELBEAMPTE :

ANETTE DEGENAAR

TEL: 018 297 3928

SEL: +27 (0)73 243 6572

E-POS: ngwelsyn@iafrica.com